# LAER VOLKSKOOL

GRAAFF-REINET




LAER VOLKSKOOL

ONS SAL HANDHAAF

PROSPEKTUS

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Boodskap van die Skoolhoof | 2 |
| Visie & Missie | 3 |
| Toelatingskriteria | 3 |
| Toelatingsprosedures en Vereistes | 4 |
| Gedragskode vir Leerders | 6 |
| Skoolreëls | 9 |
| Skooldrag | 15 |
| Sport en Kultuur | 20 |
| Huis Eybers / Koshuisreëls | 23 |
| Huis Eybers / Benodigdhede | 29 |
| Koshuis- en Skoolgelde | 29 |
| Algemeen | 30 |
| Volkskool Gesie | 31 |
| Kontakbesonderhede | 32 |

# BOODSKAP VAN DIE SKOOLHOOF



Laer Volkskool is in 1922 gestig as die eerste Afrikaansmedium skool in die ou Kaapland en die tweede oudste in die land. C. J. Langenhoven het die skool se leuse – ONS SAL HANDHAAF – voorgestel en die skool het sodanig gegroei dat die Hoër- en Laer Volkskole sedert 1954 apart van mekaar funksioneer. Tog is die skole steeds nou verbind aan mekaar in hul doel en strewe.

As opvoedkundige instelling is ons baie trots op ons akademiese standaard en prestasies. Ons stel 'n hoë premie op die akademiese ingesteldheid en harde werk van elkeen van ons leerders. Dit geld ook op die buitemuurse terrein waar ons leerders ook hul merk maak as ware ambassadeurs van Laer Volkskool.

Laer Volkskool nooi jou uit om by ons spogskool 'n leerder te word. Harde werk en hope pret is jou voorland en as jy 'n Volksie Gesie is, is jy 'n wenner!



D. Joubert - Skoolhoof

## VISIE

Laer Volkskool streef om die toonaangewende Christelike Afrikaansmedium skool in die streek en provinsie te wees. Dít wil ons bereik deur elke leerder toe te rus vir verdere studie sodat hy/sy ons skool met selfvertroue en 'n toekomsvisie kan verlaat.

## MISSIE

In die daarstelling van uitnemende onderrig en opvoeding op 'n holistiese grondslag onderneem Laer Volkskool om ware Christelike waardes uit te leef en uit te bou.

## TOELATINGSKRITERIA/VEREISTES

- ⇨ Voorkeur sal gegee word aan leerders binne Laer Volkskool se natuurlike voedingsarea.
- ⇨ 'n Amptelike oorplasingsertifikaat en bewese skolastiese rekord (Graad 1 uitgesluit).
- ⇨ Inhandiging van vereiste dokumente .
- ⇨ Maksimum ouderdom per graad soos omskryf in die S. A. Skolewet No. 84 van 1996 sal toegepas word.
- ⇨ Navrae oor gedrag by skole van herkoms sal gedoen word.

# TOELATINGSPROSEDURES EN VEREISTES

- Toelating geskied op skriftelike aansoek.
- Die betaling van skoolgelde is verpligtend.
- Aanvaarding van skool  se toelatingsvereistes.
- Aanvaarding van Afrikaans as onderrigtaal.

## ONDERNEMING DEUR LEERDERS

- Om die akademiese standaarde wat gestel word na te streef.
- Om werksopdragte pligsgetrou en betyds uit te voer.
- Om die Christelike etos van die skool te eerbiedig.
- Die gesag en dissipline van die skoolhoof en opvoeders te aanvaar.
- Indien meegaande onderneming nie gehandhaaf word nie, sal voortgesette toelating tot Laer Volkskool heroorweeg word.

## ONDERNEMING DEUR OUERS / VOOG

- ⇨ Om toe te sien dat hul kinders in die erkende en voorgeskrewe skooldrag geklee is.
- ⇨ Om te verseker dat hul kinders se algemene voorkoms en netheid voldoen aan die voorgeskrewe reëls van die skool.
- ⇨ Om te verseker dat hul kinders betyds is vir die skooldag.
- ⇨ Om nie hul kinders uit die skool te hou, behalwe in uitsonderlike gevalle, en wel met kennisname aan die skoolhoof.
- ⇨ Om die skoolfonds soos onderneem, te betaal.
- ⇨ Om verantwoordelikheid te neem vir hul kinders se basiese opvoeding en gedrag.

# GEDRAGSKODE VIR LEERDERS

SOOS OPGESTEL DEUR

Laer Volkskool Beheerliggaam in oorleg met die leerders, bestuurspan, opvoeders en ouers volgens:
1. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (Wet no. 108 van 1996) 2. Suid-Afrikaanse Skolewet (Wet no. 84 van 1996)
3. Provinsiale regulasies aangaande skorsing en dissiplinêre gedragskodes.

KARAKTERBOU - Laer Volkskool leef die ses pilare van karakter uit nl.

1. BETROUBAAR - Ek laat mense nie in die steek nie. Ek is 'n staatmaker en hou my beloftes.
2. RESPEK -Ek praat altyd ordentlik met mense en gee ander kans om te praat.
3. EERLIKHEID - Ek vertel die waarheid selfs al is ek in die moeilikheid. Ek hou my beloftes.
4. VERANTWOORDELIKHEID - Dis lekker om 'n taak te ontvang en dan my beste te doen.
5. BEDAGSAAM - Ek weet wat mense benodig. Ek help hulle sonder dat iemand sê ek moet.
6. HULPVAARDIG - Ek kan sien as mense hulp nodig het, nog voor hulle vra vir hulp.
7. REGVERDIGHEID - Ek onthou dat 'n storie twee kante het. Ek sal niemand voortrek nie.

INLEIDING

Volgens die skool se gedragskode dien die volgende beginsels, filosofie en etos soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 as riglyne.

Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 bepaal in Artikel 8(1) die volgende:

Behoudens enige toepaslike provinsiale wet moet 'n beheerliggaam van 'n openbare skool 'n gedragskode vir leerders aanvaar na oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van die skool.

'n Gedragskode soos in subartikel (1) bedoel, moet daarop gemik wees om 'n gedissiplineerde en doelgerigte skoolomgewing, wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses, te vestig.

## INLEIDING /vervolg

Die minister kan, na oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers, riglyne bepaal vir oorweging deur beheerliggame in die aanvaarding van 'n gedragskode vir leerders.

Geen bepaling van hierdie wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool, wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.

'n Gedragskode moet bepalings van 'n behoorlike regsproses bevat om die belange van die leerder en enige party wat by dissiplinêre handeling betrokke is, te beskerm.

Die reg van leerders tot basiese onderrig plaas die verantwoordelikheid op die leerder om gereeld skool by te woon gedurende skoolure.

Indien 'n leerder afwesig is/gaan wees moet die leerder se ouer/voog die skool in kennis stel van die rede daarvoor.

Die finale verantwoordelikheid van 'n leerder se optrede berus by sy ouers/voog.

Geen persoon mag by 'n skool lyfstraf aan 'n leerder toedien nie.

Die verontagsaming van die skool se dissiplinêre gedragskode kan lei tot die permanente uitsluiting van die leerder.

Die Beheerliggaam, skoolhoof en opvoeders moet elke oortreding op meriete hanteer, sonder die benadeling van die leerder se regte.

## REËLS VIR DETENSIE

Die detensieklasse is as volg: Vrydae: 13:00 tot 15:00

Elke leerder moet die detensiekennisgewing persoonlik onderteken en ook deur sy/haar ouers/voog laat teken. Dit moet dan aan die skool terugbesorg word.

Geen voedsel of drinkgoed sal in die detensielokaal toegelaat word nie.

Geen pratery of hulpverlening sal in die lokaal toegelaat word nie.

Normale reëls vir skooldrag en gedrag, sal geld.

Leerders moet vir die volle duur konstruktief besig wees.

Oortredings in/afwesigheid van 'n detensieklas impliseer dat 'n leerder nie die gesag van die skool aanvaar nie en daar sal dienooreenkomstig teen hom/haar opgetree word.

Die bywoning van die detensieklas is te alle tye die prioriteit en verantwoordelikheid van die oortreder en sy/haar ouers/voog.

## 1. SKOOL- EN KLASBYWONING

1.1 Skool- en klasbywoning is volgens wetgewing verpligtend.

1.2 ‘n Afwesigheidsbrief moet deur 'n ouer/voog ingedien word om afwesigheid te motiveer. 'n Mediese sertifikaat word na 2 dae vereis.

1.3 Indien 'n eksamen- of toetsvraestel nie geskryf kan word nie, moet 'n mediese sertifikaat ingedien word. By gebreke aan hierdie vereiste word ‘n punt van 0% outomaties aan die leerder toegeken. Geen toets of eksamen kan geskuif word nie.

1.4 Leerlinge mag nie die skoolterrein verlaat sonder skriftelike toestemming van 'n die skoolhoof nie.

1.5 Leerlinge wat die skoolterrein verlaat moet by die kantoor deur sy/haar ouer/voog uitgeteken word.

1.6 Leerlinge moet betyds vir skool en skoolaktiwiteite arriveer.

## 2. GEDRAG IN DIE KLASKAMER EN SKOOL

2.1 Onvanpaste gedrag en/of ontstigtelike gedrag is onaanvaarbaar.
2.2 Openlike diskriminasie teen enige persoon by die skool is onaanvaarbaar.
2.3 Leerlinge mag nie betrokke raak by enige vorm van viktimisasie nie.
2.4 Geen leerling mag deur 'n ander leerling gedreig word nie.
2.5 Geen leerling mag in die klaskamer rondloop nie.

## 2. GEDRAG IN DIE KLASKAMER EN SKOOL /vervolg

2.6 Geen leerling mag 'n ander leerling doelbewus beseer nie.
2.7 Leerlinge mag nie betrokke raak by enige vorm van gedrag waardeur die veiligheid, moraal, gesondheid of welsyn van ander leerder in gevaar gestel word nie.
2.8 Gedrag in die klaskamer, tydens saalbyeenkomste, of enige ander area in die skool moet sodanig wees dat die leerproses van ander leerlinge onder geen omstandighede versteur word nie.

## 3. ALGEMENE KLASKAMERREËLS

3.1 Aan die begin van elke periode staan leerlinge op en groet die personeel.
3.2 Indien ouers, ander personeel of besoekers by 'n klas opdaag staan leerlinge ook op om te groet.
3.3 Reageer dadelik op 'n opdrag.
3.4 Geen leerling praat, staan of loop rond in die klas nie.
3.5 Leerlinge verlaat nie 'n klas voordat 'n personeellid hulle verdaag het of instruksie in die verband gegee het nie.
3.6 Indien 'n leerling aandag wil hê moet hy/sy ‘n hand opsteek.
3.7 Alle klasopdragte moet stiptelik en betyds voltooi word.
3.8 Elke leerling se gedrag moet sodanig wees dat dit nie steurend is nie.
3.9 Tydens aankondigings oor die interkom moet leerlinge stilbly en aandag gee.

## 4. REËLS IN DIE GANGE EN OP DIE STOEPE

4.1 Klaswisseling moet flink en ordelik geskied.
4.2 Leerlinge loop agtermekaar, flink en vinnig.
4.3 Geen laatkommery word geduld nie.
4.4 Daar word onmiddelik op die klokke gereageer.
4.5 Hou links by die trappe en in die gange dan sal daar nie botsings wees nie.
4.6 Geen gesels in rye.

## 5. REËLS IN DIE SAAL

5.1 Ons skoolsaal is ons trots. Geen leerling mag binne die saal wees sonder toesig nie.
5.2 Leerlinge mag glad nie op die verhoog of agter die gordyne wees tensy in opdrag of onder toesig nie.
5.3 Ons stap netjies in rye saal toe, sonder om te gesels.

## 6. ALGEMENE SINDELIKHEIDSREËLS

6.1 Leerlinge moet te alle tye toesien dat hulle skoon en netjies is. (Hare / Naels)
6.2 Die skoolterrein, geboue en kleedkamers moet skoon en netjies gehou word.
6.3 Geen leerling mag verby vullis stap nie. Dit moet opgetel en in die naaste regte vullishouer geplaas word.
6.4 Die kou van kougom word nie op die skoolterrein toegelaat nie, asook nie tydens enige skoolaktiwiteit nie.
6.5 Die skooluniform en sportdrag soos voorgeskryf, is die enigste drag wat by die skool toegelaat word. Geen ander drag sal toegelaat word nie

## 6. ALGEMENE SINDELIKHEIDSREËLS /vervolg

6.6 Skooldrag moet skoon en netjies wees.
6.7 Alle besoekers en personeel word beleefd gegroet.
6.8 Leerlinge staan/groet nie met hande in hul sakke nie.

## 7. SKOOLWERK EN TUISWERK

7.1 Laer Volkskool is 'n opvoedkundige en akademiese instelling en daarom moet alle akademie voorrang geniet.

7.2 Onderrigtyd moet maksimaal deur leerlinge benut word. Take soos deur die opvoeders verskaf, moet selfstandig voltooi word.

7.3 Projekte en take, asook enige ander opdrag met betrekking tot die akademie, moet betyds ingehandig word. Laat inhandigings, sonder dat verskoning vooraf ontvang is sal, indien punte ter sake is, gepenaliseer word.

7.4 Die volgende akademiese wangedrag is onaanvaarbaar en strafbaar: plagiaat; kullery; afskrywery

## 8. DWELMS, ALKOHOL, ROOK, PORNOGRAFIE, OKKULTIESE MATERIAAL ENS.

8.1 Die besit, gebruik, verkoop en verspreiding of uitruiling van drank, sigarette, enige dwelm, pornografiese- of okkultiese materiaal, is ontoelaatbaar.
8.2 Die skryf van onwelvoeglike briewe is verbode.

## 9. TAALGEBRUIK

9.1 Swetsende, onsensitiewe en disrespekvolle taalgebruik sal, teenoor geen persoon, toegelaat word nie.

9.2 Geen onwelvoeglike taal mag op die terrein of in die klaskamer gebruik word nie.

## 10. WAPENS

10.1 Die besit en/of gebruik van wapens, en voorwerpe of instrumente wat gebruik word om te beseer, word nie toegelaat nie.

## 11. SELFONE

11.1 Leerlinge mag nie selfone skool toe bring nie. Leerlinge wat hierdie reël oortree se selfoon mag vir 'n tydperk gekonfiskeer word.

## 12. REËLS MET BETREKKING TOT KOMMUNIKASIE

12.1 Skriftelike briewe en kennisgewings moet betyds aan ouers gegee word. Antwoordstrokies moet betyds ingehandig word.

12.2 Die skool se telefone mag slegs in spesiale of noodgevalle gebruik word.

## 13. ALGEMENE VEILIGHEID

13.1 Padveiligheidsreëls moet stiptelik deur ouers en leerlinge toegepas word.

13.2 Skolierpatrollielede moet gehoorsaam word.

## 14. REËLS IN DIE KLEEDKAMERS

14.1 Gedurende pouses/klastyd gebruik leerlinge die kleedkamers op ongekontroleerde basis.

14.2 Leerlinge mag nie ronddrentel by die kleedkamers nie, maar moet dadelik terugbeweeg na die speelterrein of klas.

14.3 Die optrede van 'n kind binne die kleedkamers moet strook met die vereistes wat vir ons gemeenskap aanvaarbaar is en mag nooit vir die ander leerlinge 'n verleentheid skep nie.

14.4 Higiëne en netheid is van die uiterste belang. Elke leerling wat die kleedkamer gebruik, het 'n verantwoordelikheid om dit netjies agter te laat.

## 15. REËLS MET BETREKKING TOT FIETSE

15.1 Fietsry op die skoolterrein is verbode.

15.2 Sodra jy binne die skoolterrein is, moet die fiets gestoot word.

15.3 Fietse moet te alle tye gesluit gelaat word in die fietsloods.

## SOMERDRAG - SEUNS

Wit oopnekhemp, Grys kortbroek, Swart skoene, Grys kouse met skoolstrepe, V-nek trui (wanneer nodig).

## SOMERDRAG - DOGTERS*

Skoolrok,
Swart skoene, Wit sokkies,
V-nek trui (wanneer nodig).

Buiten vir saalopeninge is skoene en kouse in die somer nie verpligtend vir grade 1-3 nie. Heeljaar verpligtend vir grade 4-7.

## WINTERDRAG - SEUNS

Wit dashemp, met skoolstrepe das, Grys langbroek, Swart of grys belt, Swart skoene, Grys kouse met skoolstrepe, V-nek trui en/of Maroen LVS windjekker.

Serp- wit/swart/maroen (opsioneel).

## WINTERDRAG - DOGTERS*

Wit dashemp, met skoolstrepe das, Maroen langbroek, Swart skoene, Maroen kuitkouse, V-nek trui en/of Maroen LVS windjekker.

Serp- wit/swart/maroen (opsioneel).

* Dogters word deurentyd toegelaat om swart, wit of maroen haarknippies en rekkies te dra.
Slegs goue of silwer “studs” word toegelaat. Geen ander oorbelle is toelaatbaar.

## SPORTDRAG

| L.O. DRAG - SEUNS | L.O. DRAG - DOGTERS |
| --- | --- |
| Swart Volkskool hemp, Swart broek. Skool sweetpakke met wit kouse (nie “secret socks”) kan in die winter gedra word. (Met tekkies, nie sneakers nie) | Maroen Volkskool hemp, Maroen broek. Skool sweetpakke met wit kouse kan in die winter gedra word. (Met tekkies, nie sneakers nie) |

SEUNS — SPORTDRAG — DOGTERS

| ATLETIEK (Buiten kleurebyeenkoms) | ATLETIEK (Buiten kleurebyeenkoms) |
| --- | --- |
| Swart Volkskool hempie / Atletiek frokkie, Swart rugbybroek. | Maroen Volkskoolhempie / Atletiekfrokkie Maroen broek. |

| TENNIS | TENNIS |
| --- | --- |
| Swart Volkskool hemp , Swart Quantex broek. Wit tennissokkies. Swart Volkskool “peak”. | Maroen Volkskool hemp, Maroen broekromp, Wit tennissokkies. Swart Volkskool “peak”. |

| SEUNS | SPORTDRAG | DOGTERS |
|---|---|---|

| SEUNS | DOGTERS |
|---|---|
| **RUGBY** | **HOKKIE** |
| LVS Rugbytrui, Swart rugbybroek. | Maroen Volkskool hemp, Maroen broekromp, Hokkie kouse (Rugby). |
| **KRIEKET** | **NETBAL** |
| Wit Volkskool hemp, Wit rugbybroek, Rugbykouse. | Maroen Volkskool hemp, Maroen broekromp en wit skoolsokkies. |
| **SWEM** | **SWEM** |
| Swart swembroek, Swart swempet. | Swart vol swembroek (Speedo), Swart swempet. |

# SPORTDRAG

## OEFENDRAG

### HOKKIE / TENNIS / NETBAL / ATLETIEK / KRIEKET

L.O. drag

### SKAAK

Skooldrag, L.O. drag of sweetpak.

### RUGBY

Enige rugbytrui, Swart rugbybroek.

In die winter woon leerlinge oefeninge by met sweetpakke aan en verdaag weer met hul sweetpakke aan.

## ALGEMEEN

Wanneer leerders skoolsport ondersteun, moet LO-drag in die somer en skoolsweetpakke in die winter gedra word. Sweetpak-baadjies vorm nie deel van die skooldrag tydens skoolure nie, maar word uitsluitlik vir buitemuurse aktiwiteite of L.O aangetrek. Eerstespanbaadjies of provinsiale baadjies mag op 'n Vrydag aangetrek word. Eerstespanbaadjies, met skoolsweetpakbroek mag ook op wedstryddae aangetrek word.

## AANKOOP VAN SKOOLKLERE

Skoolklere is te koop by Nommerpas geleë te

Kerkstraat 39, Graaff-Reinet.

Tel: 049 892 4649

Alle skoolklere moet gemerk word.

## SPORT

Die volgende sportsoorte word by Laer Volkskool aangebied:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Atletiek | Hokkie | Krieket | Netbal |
| Skaak | Swem | Rugby | Tennis |
| Tweekamp | Boogskiet | Fietsry | |

## KULTUUR

Op kultuurterrein bied Laer Volkskool die volgende:

| | | |
|---|---|---|
| Drama | Eisteddfod | Kinderkrans |
| Landsdiens | Redenaars | Tienerkrans |

## SPORT/SKOOLDRAG



SOMERDRAG



WINTERDRAG



RUGBY



HOKKIE



KRIEKET



NETBAL



ATLETIEK



TENNIS

## BUITEMUURSE PROGRAM

### Eerste en Vierde Kwartale:

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Atletiek | Swem | Drama | Tweekamp | Landsdiens | Krieket | Skaak | Tennis Gr 1-3 en 1ste en 2de spanne |

### Tweede en Derde Kwartale:

| | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Rugby | Hokkie | Drama | Netbal | Landsdiens | Skaak | Tennis 1ste tot 4de spanne |

Sportdeelname is verpligtend.

# SPORT & KULTUUR

## ALGEMEEN

Aan die begin van elke kwartaal sal ouers ingelig word in verband met die oefentye en die wedstrydreëlings.

Dit is die verantwoordelikheid van elke ouer om toe te sien dat die kind se program nie oorlaai word nie.

Indien 'n leerling vir 'n sub-unie, provinsiale- of nasionale span gekies word, moet die betrokke ouer self die nodige reëlings tref en verantwoordelikheid aanvaar vir oefeninge, reisreëlings, kostes en dies meer.

## SKOOLTYE

Weens veranderende omstandighede is skooltye nie altyd vooruit bepaalbaar nie. Korrekte skooltye word op 'n gereelde basis aan ouers en leerlinge deurgegee.

## UITNODIGING

Laer Volkskool is verbind tot 'n oopdeur-beleid en ouers word daarom hartlik uitgenooi om die skool te besoek in geval van onduidelikheid en/of indien hulle 'n saak wil bespreek . Ons vertrou dat u en u kinders gelukkig sal wees by Laer Volkskool.

## 1. AANMELDING

Na vakansies mag kosgangers op die volgende tye by die koshuis aankom:

1.1 Vanaf 14:00 tot 19:00 op die dag voor die skool begin. In hierdie geval moet daar vooraf gereël word met die koshuispersoneel.

1.2 Die oggend van die dag wanneer die skool begin.

Die superintendent verrig aan die einde van elke jaar die taak van kamer- en bedindeling vir die volgende jaar.

## 2. NAWEKE

Geen kinders word gedurende naweke in die koshuis gehuisves nie. Gedurende sportnaweke mag kinders die Vrydagaand in die koshuis bly en na sport Saterdae moet hulle huis toe gaan. Reëlings moet vooraf met koshuis ouers getref word as kinders Vrydae aande inbly.

## 3. BESOEK

Ouers mag nie in die kamers wees nie. Ouers word slegs gedurende die volgende tye binne die kamers toegelaat:

| | |
|---|---|
| Maandae: 06:30 - 09:00 op eerste dag van week | Vrydae: 12:00 - 14:00 op laaste dag van week |

Alle ander tye slegs in voorportaal. Ouers word nie in kombuis, studiesaal, eetsaal, store, waskamer of enige ander lokale toegelaat nie. 'n Ouer mag nooit 'n ander kind as sy eie, aanspreek oor 'n probleem nie. Alle probleme moet te alle tye so spoedig moontlik by die superintendent of skoolhoof aangemeld word.

## 4. TOESTEMMING OM DIE KOSHUISTERREIN TE VERLAAT

4.1 Geen kosganger mag die koshuis sonder toestemming verlaat nie. Toestemming dat die kind die koshuisterrein mag verlaat sal alleenlik deur die superintendent, die hoofmatrone en ander matrones oorweeg en/of toegestaan word indien die ouer persoonlik die versoek rig. Indien ouers reël vir ekstra klasse of afrigting na skool en die kind die koshuisterrein moet verlaat, moet die superintendent skriftelik kennis kry van die dae en tye wanneer die kind die koshuisterrein sal verlaat. Met hierdie kennisgewing deur die ouer, vrywaar die ouer, die koshuispersoneel van Huis Eybers, die skoolhoof en personeel van LVS, die Bestuursliggaam van LVS en die onderwysowerhede, ipso facto, van enige aanspreeklikheid ten opsigte van die kind se veiligheid.

4.2 Kosgangers moet elke naweek huis toe gaan.

4.3 Kosgangers word slegs toegelaat om, vergesel deur hulle ouers en dan slegs na studietyd, dorp toe te gaan. Toestemming hiervoor mag by die personeellid aan diens verkry word. Geen toestemming sal gegee word om inkopies op hulle eie te gaan doen of om enige ander besoeke in die dorp te doen nie. Alleenlik vir 'n tandarts- of doktersafspraak sal toestemming deur die superintendent toegestaan word.

## 5. TELEFOON

5.1 Kosgangers mag telefoonoproepe maak en ontvang gedurende die volgende tye:

| | |
|---|---|
| 14:00 - 17:15 | 19:30 - 20:00 |

Dringende sake of reëlings kan met die superintendent bespreek of getref word by telefoon 049-8910806.

## 6. GELD

6.1 Sakgeld moet verkieslik by die superintendent ingehandig word en daar sal geleentheid wees vir kosgangers om geld te trek.
6.2 Geen verantwoordelikheid sal deur die koshuisbestuur aanvaar word vir geld wat uit die koshuis wegraak nie.

## 7. KASTE

Alle kaste is voorsien van oorslaggies en kosgangers moet hulle eie slotte voorsien, met 'n duplikaatsleutel wat in die koshuiskantoor bewaar sal word. Indien 'n sleutel wegraak en daar nie 'n duplikaat is nie, sal die slot afgeknip word. Ouers sal verantwoordelik wees vir die vervanging en breekskade.

## 8. KLERE/KLEREDRAG

8.1 Alle klere moet met doopvoorletters en van gemerk wees.
8.2 Behalwe vir deelname aan sport, verlaat die kosgangers die koshuisgronde in netjiese skooldrag.
8.3 Etenstye moet almal netjies gekleed wees.

## 9. STUDIETYE

10.1 Gereelde studietye elke dag, soos deur die superintendent vasgestel, onder toesig van diensdoenende personeellid.
10.2 Studietye mag onder geen omstandighede onderbreek word nie. Die superintendent mag hierdie reël wysigng wanneer nodig.
10.3 Niemand mag gedurende studietye rondbeweeg in die studiesaal nie.
10.4 In die studiesaal MOET stilte heers.

## 10. STILTETYD

Soggens en saans word tyd afgesonder vir godsdiens. Almal moet gedurende daardie tye na TV kamer kom. Godsdiens word deur diensdoendende personeellid hanteer.

## 11. TELEVISIE

12.1 Slegs met die toestemming van die superintendent sal kosgangers toegelaat word om na programme te kyk wat gedurende stilte, ete, of studietyd vertoon word.

## 12. KLAGTES

13.1 Enige geregverdigde klagte teenoor mede-kosgangers, bediening, kos of toestande van kamers of geboue, moet by die superintendent of skoolhoof ingedien word.

## 13. SIEKTE

Elke geval van siekte moet dadelik deur kamermaats aan koshuisouers (en nie eerstens aan die kind se ouers nie) gerapporteer word. Indien die huisouers dit goeddink, sal hulle die kosganger se huisdokter of 'n ander dokter inroep op die ouer se koste. Enige ernstige siektegeval sal dadelik aan die ouers bekend gemaak word.

## 14. PERSONEEL

15.1 Kosgangers en ouers mag nie opdragte gee of inmeng met die pligte van die personeel nie.

15.2 Geen kosganger of ouer mag in die kombuis, spens, store, ens., ingaan nie.

15.3 Die privaatheid van die personeel moet te alle tye gerespekteer word.

15.4 Daar is ‘n spesifieke personeellid aangewys om gedurende die oggend, middag en aand na die graad 1's, 2's en 3's om te sien.

## 15. ALGEMEEN

15.1 Kosgangers mag nie in mekaar se kamers speel nie.
15.2 Elke kosganger moet elke oggend sy/haar bed netjies opmaak.
15.3 Leerlinge moet self, voor ontbyt, hulle kamers uitvee . Elke kamer is voorsien van 'n besem en 'n skoppie vir die doel.
15.4 Alle kaste moet altyd netjies wees.

## 15. ALGEMEEN (vervolg)

15.5 Kosgangers moet altyd betyds wees vir ete en studie.

15.6 In die badkamers word geen klere, handdoeke of iets dergliks gelaat nie.

15.7 Papiere en skille moet in afvalblikke gegooi word.

15.8 Geen kosganger mag aan die voorkant van die koshuisgebou speel nie.

15.9 Geen lawaai of spelery binne die geboue nie.

15.10 Koshuiseiendom bv. eetgerei, stoele, komberse, bedspreie, ens. mag onder geen omstandighede verwyder word vanwaar dit hoort nie.

15.11 Kosgangers wat musiek moet oefen, mag volgens 'n voorafbepaalde rooster van die koshuisklavier gebruik maak.

15.12 Geen dorpskinders mag sonder toestemming in of by die koshuis kom nie.

15.13 Geen ouer mag binne die omheinde koshuisterrein parkeer nie.

Van elke kosganger word verwag om alles te doen om die netheid van die meubels, kamers, geboue en terrein en van hulle eie persoon te verseker. Die superintendent kan sy/haar eie oordeel gebruik sover dit die toepassing van reëls betref, met goedkeuring van die komitee in ernstige gevalle.

## KLERE

Die klere wat die kind koshuis toe bring, moet die volgende insluit: Amptelike skooldrag, klere om in te speel, sportklere en nagklere. Elke ouer moet self besluit hoeveel skoon klere elke week vir die kind beskikbaar moet wees.

## ANDER BENODIGDHEDE

Benewens klere, moet die kind minstens met die volgende items voorsien word:

⇨ Lakens ⇨ Kussing ⇨ Kussingslope ⇨ Komberse/Duvet ⇨ Badhanddoek ⇨ Handdoeke (klein) ⇨ Seep ⇨ Waslap

⇨ Wasgoedsak ⇨ Sporttoerusting ⇨ Toiletbenodigdhede ⇨ Tandeborsel ⇨ Bybel ⇨ Skoenpoetsbenodigdhede

# KOSHUISGELDE & SKOOLGELDE

**Huis Eybers** se verblyfkoste kan eenmalig of kwartaaliks betaal word en is vooruit betaalbaar. Huidige tariewe is by die koshuis superintendent en by die skoolkantoor beskikbaar.

**Die skoolgelde** is vooruitbetaalbaar. Dit kan maandeliks (Januarie tot November), kwartaalliks of jaarliks betaal word.

Paaiemente is voor die 10de van elke maand betaalbaar. Betaling kan per debietorder of internet, gemaak word.

Die huidige tariewe is by die kantoor verkrygbaar. Wanbetalers sal oorhandig word.

Welkom in Volksieland!

VOLKSIES BEHAAL SUKSES IN DIE LEWE!

## HOEKOM WIL EK VOLKSIE GESIE WORD?



### 'n Maklike vraag om te antwoord want;

- Laer Volkskool is op Christelike waardes gebou.
- Hier is akademiese onderrig van wêreldgehalte.
- Onderwysers is passievol, hulpvaardig en goed opgelei.
- Die sportafrigters is van hoë gehalte en toegewyd.
- Dit is 'n omgewing van dissipline en respek.
- Ons is 'n Afrikaansmedium skool.
- Ons het kultuur vir almal.
- Die skoolfonds is bekostigbaar.
- Ons het 'n netjiese en uitstekende koshuis.
- Dit is sommer net lekker hier by ons!

# KONTAKBESONDERHEDE

## LAER VOLKSKOOL

| | | |
|---|---|---|
| SOMERSETSTRAAT<br>POSBUS 253<br>GRAAFF-REINET<br>6280 | **TELEFOON**<br>049 891 0803 | **E-POS ADRES**<br>hoof@laervolkskool.org |

## HUIS EYBERS

| | | |
|---|---|---|
| STOCKENSTROOMSTRAAT 89<br>GRAAFF-REINET<br>6280 | **TELEFOON**<br>049 891 0806 | **E-POS ADRES**<br>huiseybers@gmail.com |







